Old Mutual Unit Trust Managers (RF) (PTY) Limited
Mutualpark, Jan Smuts Drive, Pinelands 7405.
PO Box 207, Cape Town 8000, South Africa.
Tel +27 (0)21 503 1770, Fax +27 (0)21 509 7100, Helpline 0860 234 234
E-mail unittrusts@oldmutual.com, www.oldmutualunittrusts.co.za

11 Februarie 2016

Beste Kliënt

SLUITING VAN OLD MUTUAL UNIT TRUSTS BEWARINGSVOORSORGFONDS VIR NUWE BESIGHEID

Die Nasionale Tesourie het aftreehervormings goedgekeur om groter bewaring van aftreespaarfondse te verseker. Die hervormings tree op 1 Maart 2016 in werking. Vanaf hierdie datum sal alle nuwe bydraes tot 'n voorsorgfonds aan die annuïtiseringsvereistes van twee derdes by aftrede onderhewig wees.

Dit beteken dat voorsorgfondslede slegs een derde van hul aftreevoordeel as 'n kontantenkelbedrag kan neem ten opsigte van bedrae wat vanaf 1 Maart 2016 belê word. Die oorblywende twee derdes van hul aftreevoordeel moet gebruik word om 'n annuïteit te koop. Indien u 55 of ouer is op 1 Maart 2016, sal hierdie verandering u nie affekteer nie. U sal nog steeds u volle aftreevoordeel in kontant kan neem – mits u in die voorsorgfonds gebly het waarvan u op hierdie datum lid was.

Impak op Old Mutual Unit Trusts Bewaringsvoorsorgfonds

As gevolg van hierdie veranderings sal ons die Old Mutual Unit Trusts Bewaringsvoorsorgfonds op 26 Februarie 2016 sluit vir enige verdere oordragte. Geen nuwe lede sal toegelaat word om op of na hierdie datum by die fonds aan te sluit nie.

Wat dit vir u as 'n huidige lid van hierdie fonds beteken

Hierdie veranderings sal nie u bestaande belegging raak nie. U sal nog steeds by aftrede u volle aftreevoordeel as 'n kontantenkelbedrag kan neem, aangesien hierdie voordele betrekking het op voorsorgfondsbydraes wat voor 1 Maart 2016 gelewer is.

Kontak u finansiële beplanner

Kontak asseblief u finansiële beplanner indien u ná 1 Maart 2016 voorsorgfondsgeld na 'n bewaringsvoorsorgfonds wil oorplaas.

Vrae?

Meer inligting oor die aftreehervormings, insluitend die Nasionale Tesourie se Vrae & Antwoorde-dokument, is beskikbaar by www.omut.co.za. U kan ook ons dienssentrum by **0860 234 234** skakel of e-pos stuur na retire@oldmutual.com.

Vriendelike groete

Darius van der Walt
PRODUKHOOF